Soutwaterhengel

"Jy sal in visvang die deug van nederigheid ervaar en vind dat dit 'n kalmte van gees en 'n wêreld van ander seëninge aan jou bied."
- Izaak Walton

Doelwit: Om die Verkenner 'n beter begrip te gee van seewaterhengel as sport,, die tydverdryf gepaardgaande met hengel te laat beleef en die geleentheid te gee om die natuur van naderby te leer ken.

Weergawe: 2009

Datum: Januarie 2009

Begronding

Voortrekkerkode:

6: 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7: 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8: 'n Voortrekker neem leiding.
9: 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: As Christene het ons die in die kultuuropdrag die verantwoordelikheid gekry om oor die skepping te heers en dit ook te bewaar. Ons moet dus die natuur gebruik om aan ons basiese behoeftes en ontspanning te voorsien. As landsburgers en koninkryksburgers moet ons die leiding neem om die natuurlike hulpbronne vir ons nageslagte bewaar. Om sinvolle bewaring te doen moet ons die natuur goed verstaan en ken. Hierdie oplettendheid in die natuur gaan ons ook nader aan God bring want Hy openbaar Homself deur Sy skepping.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	Minste 3 dae	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan slegs in span-/groepsverband afgehandel word. • Kundige persone moet die verskillende fasette van die spesialisasie aanbied.		
Toekennings instansie:	Kommando, Gebiedskamp		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Bewus wees van die verskillende soorte seewaterhengel (rotshengel, strandhengel, gety mondinghengel en diepsee of roofvishengel) en by watter soort hy betrokke wil raak.

2. Kennis dra van die volgende en dit met vertroue kan gebruik:
   - 2.1 Visstokke.
   - 2.2 Katrolle.
   - 2.3 Lyn.
   - 2.4 Voorloper ("Leader").
   - 2.5 Stroppe ("Traces").
   - 2.6 Hoeke.
   - 2.7 Sinkers.
   - 2.8 Knope.
   - 2.9 Ander gerei.

3. Die verskillende soorte aas ken, weet waarvoor elk gebruik word, asook waar en hoe dit uitgehaal word.

Soutwaterhengel

4. Kennis dra van die volgende tegnieke en dit met vertroue kan uitvoer:
   - 4.1 Gooi tegnieke (“Casting”).
   - 4.2 Wag vir ’n byt.
   - 4.3 Kaptegnieke.
   - 4.4 Speel met die vis.
   - 4.5 Landing.

5. Deur ‘n beampte van die Provinsiale Natuurbewaring toegelig word ten opsigte van die Reëls en Regulasies en Mariene Hulpbron bewaringswetgewing. Hierna moet die Verkenner al die wetlike aspekte (lisensies vir hengel, permitte vir aas uithaal, hengel in natuurresevate, kwotas en minumum groottes), verstaan en weet waar die lisensies en permitte verkry moet word. Die Verkenner moet ook die kwotas en minimum lengtes/ groottes van die 5 mees algemene seehengelvisse ken.

6. Weet hoe word visse gemerk en wat om te doen indien gemerkte visse gevang word.

7. Kennis dra van die kriteria wat aangewend word by die keuse van visvangplekke en ’n visvangplek identifiseer waar die Verkenner sy soutwaterhengel gaan beoefen.

8. Die invloed van die natuur op visgedrag en vangste kan bespreek in terme van seestome, opwelling, temper atuur en getye om sodoende die beste hengeltyd te bepaal.

9. Bewus wees van die gevare van visvang en die noodhulp ken wat mees waarskynlik langs die hengelwater benodig gaan word en dit kan toepas.

10. Kennis dra van georganiseerde hengel soos by klubs en unies en wat die vereistes is om ’n hengel rekord op te stel of ’n vis as ‘n rekordvangs te laat kwalifiseer en te laat lys.

11. Ten minste vyf erkende seewaterspesies wat gehengel word kan uitken.

12. Die Verkenner moet nou ’n hengeluitstappe reël, en die nodig voorbereiding aan hand van al die begenoemde punte doen om vir ten minste 10 ure lank sy verkose soort soutwaterhengel te kan beoefen.

13. Weet wat om met sy vangs te doen nadat die vis op land is.

14. Die Verkenner moet dan die vangs kan voorberei en gaarmaak vir ete.